# Gebruiksaanwysings

# Woodoc 10 Poliwas Verseëlaar Binnenshuis

## WAAR OM PRODUK TE GEBRUIK

**Slegs vir binnenshuise gebruik. Gebruik op houtmeubels en -deure. Nie geskik vir gebruik op houtvloere/-trappe nie.** Bestand teen water, alkohol, hitte, koue en krapmerke. Duursame afwerking. Uiterste weersomstandighede, bv baie hoë/lae temperature kan die voorkoms van die finale afwerking beïnvloed.

Keuse van drie afwerkings by finale laag:

1. **Mat afwerking:** Vee derde laag met papierhanddoek af onmiddellik na aanwending.
2. **Fluweelafwerking:** Werk af met Woodoc StaalWol en Woodoc Interior Maintenance Wax wanneer derde laag heeltemal droog is.
3. **Glansafwerking:** Laat finale laag droog word en moenie skuur nie.

## HOE OM DIE OPPERVLAK VOOR TE BEREI

**Algemeen:** Hout moet altyd skoon, droog en glad wees voor gebruik van produk. Moet nooit hout met water was/afvee voor gebruik van produk nie.

**Nuwe hout:** Skuur glad. Vee stof af met skoon, droë lap. Vee dan af met minerale terpentyn.

**Voorheen verniste hout:** Skuur tot kaal en glad. Begin met growwe skuurpapier en eindig met fyn skuurpapier. Vee stof af met skoon, droë lap. Vee dan af met mineral terpentyn. Die gebruik van verfstropers word nie aanbeveel nie.

**Geoliede hout:** Skrop goed met Woodoc StaalWol en minerale terpentyn. Skuur glad. Maak weer skoon met Woodoc StaalWol en minerale terpentyn. Vee hout af met skoon, droë lap. Laat oppervlak droog word.

**Hout voorheen met hierdie produk behandel:** Skrop goed met Woodoc StaalWol en minerale terpentyn. Vee hout af met skoon, droë lap. Laat oppervlak droog word.

**Verweerde hout:** Skuur verweerde hout om alle tekens van verwering te verwyder of gebruik Woodoc Wood Reviver volgens die instruksies.

## HOE OM DIE PRODUK AAN TE WEND

**Roer goed** met plat spaan voor en gedurende aanwending. Moenie produk skud of verdun nie. **Wend altyd 'n minimum van drie lae aan op nuwe hout.** Wend produk met hoëgehalte kwas aan. Wend eerste laag aan totdat die oppervlak egalig blinknat bly vir ten minste 10 minute na aanwending. Wend nog produk op dowwe/droë kolle aan. Laat produk **heeltemal** droog word. Skuur liggies met Woodoc StaalWol. Vee stof af met skoon, droë lap. Vee dan af met mineral terpentyn. Wend nog 2 lae so aan. Moenie na derde laag skuur nie.

## DEKKING

± 10 m²/liter per laag (± 3,3 m² vir 3 lae)

## WAARBORG

**Rekara Mills (Edms.) Bpk. Waarborg dat hierdie produk, soos versend vanaf ons fabriek, aan streng gehaltebeheertoetse onderwerp is en aan duursaamheid-, veiligheid- en gehaltestandaarde voldoen. Die produk moet streng volgens die aanwysings en waarskuwings op die houer en/of enige pamflet aan die houer geheg of daarmee saam beskikbaar gemaak, hanteer, geberg en gebruik word. Indien alle sodanige instruksies en waarskuwings nie streng gevolg word nie, aanvaar Rekara Mills (Edms.) Bpk. geen verantwoordelikheid vir die gebruik van die produk nie.**